Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SERTIFIKAAT

# MUNISIPALE ADMINISTRASIE N5

(21010055)

**8 Oktober 2020 (X-vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye.**

202Q1B2008

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

# DEPARTEMENT HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MUNISIPALE ADMINISTRASIE N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

---

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

 Downloaded from www.mycourses.co.za 

## AFDELING A

## VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter een van die volgende is 'n vereiste om te kan stem?

A Moet 'n paspoort hê
B Moet 'n natuurlike persoon wees
C Moet 18 en jonger wees
D Moenie 'n strafregister hê nie

1.2 Die President mag verskillende amptenare aanstel, waaronder die ...

A LURe van provinsies
B Nasionale Vergadering
C Afbakeningsraad
D munisipale bestuurder

1.3 Die uitvoerende gesag bestaan onder andere uit die ...

A Nasionale Raad van Provinsies
B adjunkministers
C premiers
D adjunkpresident

1.4 Wet wat voorsiening maak vir plaaslikeregeringverkiesings:

A Local Government Municipal Electoral Act
B Afbakeningswet
C Wet op Munisipale Stelsels
D Wet op Munisipale Strukture

1.5 Die eerste dorp wat 'n munisipaliteit in Suid-Afrika geword het:

A Beaufort-Wes
B Kaapstad
C Johannesburg
D Stellenbosch

1.6 Wat is die finansiële begin- en einddatums vir munisipaliteite?

A 31 Julie tot 1 Junie van die volgende jaar
B 1 April tot 31 Maart van die volgende jaar
C 31 Desember tot 1 Januarie van dieselfde jaar
D 1 Junie tot 31 Julie van dieselfde jaar

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


1.7 Die term *ordonnansie* verwys na ...

A nasionale reëls en regulasies
B provinsiale wette
C plaaslike verordeninge
D finansiële regulasies

1.8 Die datum waarop Suid-Afrika 'n Unie geword het:

A 31 Mei 1910
B 31 Mei 1961
C 27 April 1994
D 27 April 1990

1.9 Afbakening ('Delimitation') verwys na ...

A vasstelling van wyke
B aanstelling van raadslede
C totstandkoming van 'n wykskomitee
D plaaslikeregeringverkiesings

1.10 Die hoofbron van munisipaliteite se inkomste:

A Eiendomsbelasting
B Water en elektrisiteit
C Dobbelbelasting
D Dienste gelewer

(10 × 1) **[10]**

**VRAAG 2**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.6) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Die Afbakeningsraad moet saam met die OVK werk om wyke vas te stel.

2.2 Die President is verantwoordelik vir die aanstelling van landdroste.

2.3 'n Persoon met 'n strafregister word nie toegelaat om te stem nie.

2.4 Verstedeliking is 'n verskynsel waarvolgens mense van 'n arm land na 'n ontwikkelde land beweeg.

2.5 Die hoof uitvoerende beampte van 'n munisipaliteit is die uitvoerende burgemeester.

2.6 Plakkerskampe het dieselfde eienskappe as informele nedersettings.

(6 × 2) **[12]**

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

## VRAAG 3

3.1 Verduidelik elk van die volgende terme:

3.1.1 Verordeninge

3.1.2 Grondwet

3.1.3 Regsprekende gesag

3.1.4 Ouditeur-generaal

3.1.5 Kategorie A-munisipaliteit

3.1.6 Onbeperkte stelsel

(6 × 2) (12)

3.2 Noem SES wykafbakeningsprosesse. (6)
**[18]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

## VRAAG 4

Lees die gevallestudie hier onder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Me Bridgette Lekoma is tydens die vorige plaaslike verkiesing as raadslid vir die Dikgatlong plaaslike munisipaliteit verkies. Daar is vasgestel dat sy, voor sy tydens die verkiesing gestaan het, 'n werknemer van 'n ander munisipaliteit was. |

4.1 Is sy verkiesbaar as raadslid? Motiveer die antwoord. (3 × 2) (6)

4.2 Noem SES redes waarom 'n persoon gediskwalifiseer kan word om 'n raadslid te word. (6 × 2) (12)

4.3 Wat is die *kieserslys?* (2)

4.4 Noem die NEGE stappe in die stemproses vandat mens die stemlokaal binnegaan totdat jy die stemlokaal verlaat. Moenie die proses illustreer nie. (9 × 2) (18)

4.5 Waarvoor staan *OVK*? (2)
**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

**VRAAG 5**

5.1 Noem SES grensafbakeningskriteria wat die Afbakeningsraad moet oorweeg. (6 × 2) (12)

5.2 Verduidelik elkeen van die volgende afbakeningsfaktore:

5.2.1 Interafhanklikheid

5.2.2 Deel en herverdeling

5.2.3 Tradisionele en landelike gemeenskappe (3 × 2) (6)

5.3 Noem 10 redes vir die bestaan van munisipaliteite. (10)

5.4 Verduidelik elkeen van die volgende fisiese faktore:

5.4.1 Klimaat

5.4.2 Fauna en flora

5.4.3 Geskiedkundige gebiede (3 × 4) (12)
**[40]**

**VRAAG 6**

6.1 Verduidelik VIER gesondheidsfaktore. (4 × 2) (8)

6.2 Wat is *verstedeliking*? (2)

6.3 Noem VIER rolle wat die President speel ten opsigte van munisipaliteite. (4 × 2) (8)

6.4 Noem DRIE nadele van kollektiewe uitvoerendegesag-komitees. (3 × 2) (6)

6.5 Noem SES stappe ('events') in 'n vergadering. (6)

6.6 Noem 10 funksies van die speaker. (10)
**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

**VRAAG 7**

7.1 Noem DRIE redes waarom geografiese kenmerke die fisiese faktore beïnvloed. (3 × 2) (6)

7.2 Wie is die Minister van die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake? (2)

7.3 Noem VIER statutêre redes vir 'n vergadering. (4 × 2) (8)

7.4 Noem SES ekonomiese faktore wat munisipaliteite kan help om dienste te lewer om aan die behoeftes van 'n gemeenskap te voldoen. (6 × 2) (12)

7.5 Noem 10 kenmerke van munisipale dienste, soos voorgeskryf in die Grondwet en die Wet op Munisipale Stelsels. (10)

7.6 Noem TWEE godsdienstige faktore. (2)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 160**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou